

ONWRICKBAAR





Het jy al ooit in 'n situasie gestaan waar die druk van die mense om jou so groot was dat dit net soveel makliker gevoel het om maar net saam met die stroom te swem?

Dit gebeur met ons almal. Dit gebeur op skool, by die universiteit, in die werkplek, in ons vriendekringe en selfs op sosiale media. Dit is moeilik om anders te wees. Dit is moeilik om regop te staan wanneer almal om jou buig voor die verwagtinge van die kultuur.

ONWRICKBAAR



Vandag begin ons met 'n nuwe preekreeks oor die boek Daniël, onder die hoof tema: "**Onwrikbare Geloof**".

Kom ons wees eerlik met mekaar: Hoe hou 'n mens vas aan 'n "onwrikbare geloof" wanneer jy leef in 'n wêreld wat elke dag probeer om jou geloof te skud?

Onwrikbaar beteken dat iets vas staan, nie maklik omgestoot of verander kan word nie, en van geen stryk gebring kan word nie. Dit word dikwels gebruik om 'n sterk oortuiging, geloof of besluit te beskryf.

Supertaal +2



BABYLONIAN LAW
NEW NAMES
NEW GODS

TRANSFORMATION
PROJECT:
JEWISH IDENTITY
STRIPPED

NEW NAMES
ASSIGNED:
BELTESHAZZAR,
SHADRACH,
MESHACH,
ABEDNEGO

IDENTITY
RESET

THE ASSIMILATION
PROCESS:
TO THINK, SPEAK,
LIVE AS BABYLONIANS

THE BEST OF JUDAH -
TO BE ASSIMILATED

Die verhaal begin rondom die jaar 605 voor Christus. Die nasionale en geestelike wêreld van die Israeliete het inmekaar gestort. Nebukadnesar, die magtige koning van Babilon, het Jerusalem ingeneem. Hy het die tempel geplunder en die beste, slimste jongmense van Juda as ballinge weggevoer na Babilon.


Daniël en sy drie vriende - Gananja, Misael en Asarja - was waarskynlik maar net 15 tot 17 jaar oud toe hulle uit hul huise en kultuur weggeruk is.

Nebukadnesar se strategie was nie net om die land te verower nie. Sy strategie was om **hul identiteit te verander**. Hy wou hierdie Joodse jongmense stroop van alles wat hulle aan die lewende God herinner het, sodat hulle soos Babiloniërs sou dink, praat en leef.



Daniël 1:1-21

Daniël en sy vriende in die
paleis van Nebukadnesar

The background image is a composite of two scenes. The upper portion shows several people in ancient, possibly biblical, clothing. On the left, a man wears a golden crown and a blue robe with gold embroidery. Next to him, a woman in a white and red patterned dress looks towards the right. In the center, a man in a brown robe with a patterned sash is gesturing with his right hand. To his right, another man in a yellow robe is visible. The lower portion of the image shows a table laden with various food items, including bread, fruit, and small bowls, suggesting a banquet or a meal. The overall style is that of a historical or biblical illustration.


1 In die derde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda het koning Nebukadnesar van Babel teen Jerusalem opgetrek en dit beleër. 2 Die Here het vir koning Jojakim oorgegee in Nebukadnesar se mag, en ook 'n gedeelte van die tempelgereedskap, en hy het dit na Sinar, na die tempel van sy god toe gevat, en daar het hy dit in die voorraadkamer van die tempel van sy god gebêre.

3 Die koning het vir Aspenas, sy hoofpaleisbeampte, beveel om uit die Israeliete jongmanne na die paleis toe te bring, uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense. 4 Die jongmanne moes sonder liggaamsgebrek wees, mooi, toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en in staat om in die paleis diens te doen. Hulle moes onderrig word in die Galdeërs se skrif en taal. 5 Die koning het bepaal dat hulle 'n daaglikse porsie van sy kos en wyn moet ontvang en dat hulle drie jaar lank opgelei moet word. Daarna moet hulle in diens van die koning tree.

The background image shows four young men, Daniel and his friends, standing behind a table laden with food. They are wearing traditional Babylonian clothing, including patterned tunics and headbands. The table in front of them is covered with various dishes, including bread, fruit, and small bowls. The scene is set in a room with ornate walls and a large window in the background.

6Onder hierdie Judeërs was daar Daniël, Gananja, Misael en Asarja, 7maar die hoofpaleisbeampte het vir hulle ander name gegee: Daniël is Beltsasar genoem, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego.

8Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie. 9God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël. 10Maar hy het vir Daniël gesê: “Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal wat julle moet eet en drink en as hy sien julle voorkoms is nie so goed soos dié van die ander jongmanne van julle ouderdom nie, is ek oor julle in die moeilikheid by hom.” 11Toe sê Daniël vir die amptenaar wat deur die hoofpaleisbeampte aangestel is om toesig te hou oor Daniël, Gananja, Misael en Asarja: 12“Maak asseblief tien dae lank 'n proefneming met ons en laat hulle vir ons net groente gee om te eet en water om te drink.



13Vergelyk dan ons voorkoms met dié van die jongmanne wat van die koning se kos eet, en handel dan met ons na bevind van sake.”

14Die amptenaar het toe hulle versoek toegestaan en tien dae lank 'n proefneming met hulle gemaak.

15Ná tien dae het hulle mooier en gesonder daar uitgesien as die jongmanne wat van die koning se kos geëet het. 16Toe het die amptenaar die koning se kos en wyn vir goed van hulle af weggehou en vir hulle net groente gegee.


17God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitleë.

18Op die tyd wat koning Nebukadnesar bepaal het dat die jongmanne voor hom gebring word, het die hoofpaleisbeampte dit gedoen. 19Die koning het met hulle gepraat en hy het onder almal niemand gevind soos Daniël, Gananja, Misael en Asarja nie. Toe het hulle in diens van die koning getree.

20 In enige saak wat wysheid en insig vereis het en waaroor die koning hulle uitgevra het, was hulle tien maal beter as al die towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk.

21 Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores.





Babel het op vier maniere probeer om hierdie jongmense se identiteit te verander:

Omgeving: Hulle is weggevat uit Jerusalem (die plek van God se teenwoordigheid) na die heidense Babilon.

Kennis: Hulle moes die taal en wetenskap van die Galdeërs leer - 'n opvoeding deurtrek van afgodediens.

Dieet: Hulle moes eet van die koning se kos en drink van sy wyn - kos wat dikwels eers aan afgode gewy is. Dit was ook kos wat teen die wet van God gestaan het, wat Daniël en sy vriend onrein sou maak.

Name: Hul Hebreuse name, wat na die lewende God gewys het, is verander na Babiloniese name wat na heidense afgode verwys het.

Daniël "*God is my Regter*" word **Beltsasar** "*Bel beskerm sy lewe*".

Gananja "*Die Here is genadig*" word **Sadrag** "*Bevel van Aku*"
– die maangod.


Misael "*Wie is wat God is?*" word **Mesag** "*Wie is wat Aku is?*"

Asarja "*Die Here help*" word **Abednego** "*Dienaar van Nebo*"
– die god van wysheid.

“8Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie.”

Kyk wat staan in vers 8: "*Daniël het hom VOORGENEEM...*" In die Hebreeuse teks staan daar letterlik: ***Daniël het dit op sy hart gelê.***

Daniël het nie gewag dat die kos van die koning voor hom op die tafel gestel word om te besluit wat hy gaan doen nie. Hy het nie in die oomblik van versoeking gaan sit en die voordele en nadele opgeweeg nie. Hy het **vooraf** in sy hart 'n lyn in die sand getrek.



Daniël word nie aggressief nie. Hy gaan maak nie amok nie. Hy vra respektvol vir die amptenaar vir 'n toets van 10 dae met groente en water.

Daniël was nie alleen nie. Hy het sy drie vriende gehad. Saam het hulle die toets van 10 dae met groente en water aangedurf. Ons het medegelowiges nodig wat saam met ons "nee" sê vir die wêreld se kompromieë.

En wat gebeur? God gee vir hulle guns en wysheid wat tien maal beter was as die res van die jongmanne. Wanneer jy God eer deur aan Sy Woord gehoorsaam te wees sal Hy jou eer met 'n helderheid van gees wat die wêreld nie kan namaak nie.

Waar het ons toegelaat dat die wêreld ons stadig maar seker heropvoed? Waar het ons begin eet van die "koning se tafel" - deur ons waardes, ons taal en ons gewoontes aan te pas net om in te pas?

Die Here nooi ons uit om ons harte weer vas te maak.

Kom ons trek vandag weer 'n lyn in die sand. Kom ons neem ons in ons harte voor: *Ongeag hoe die wêreld rondom ons verander, ons sal die Here dien. Ons geloof sal staan op die Rots wat nooit wankel nie.*



fresh
NES JY IS, WAAR JY IS